№ 2345 | 26 Desember 2024-2 Januarie 2025
landbou.com RSA R65,00 (BTW ingesluit) Namibië N$65,00

# Landbou weekblad



**HOOGTEPUNTE**

* Nuus & rekords
* Rubrieke
* Boereplanne
* Geleenthede met trefkrag

+ Ons groet groot geeste

**WEERVOORSPELLINGS**

Vox se Annette Botha 'n vars bries

**SA SE TOP-GRAANBOERE**

Michael & Gareth Allen vat voor met presisie

**DROOGTE**

Hiér trek dit nog swaar

+ Beter rooivleispryse in gedrang

Taai Skilderbokke sit Karoo ore aan (en 7-jarige boer flink saam!)

**2024**

# Ons boere wat inspireer


**BOEREKOS**
HEERLIKSTE MIN-MOEITE-KERSETE


**VEILIGHEID**
WEES MEER PARAAT - TOPWENKE


**SPESIAAL**
UITBLINKERS
+ KLEIN WYNPLAAS, GROOT IMPAK


**WILLEMSE**
2024 ONDERSTE DRAAIPUNT VIR SA LANDBOU


52345
9 770023 777005








**Boontjie kry sy loontjie.** Proefaanplantings van nuwe kultivars wat nog in ontwikkelingsfase is, wys dat 'n opbrengs van 4,4 ton pitte per ha moontlik is, asook 'n omset van R95 211 per ha onder besproeiing. *FOTO'S: VERSKAF*

**Inligting**

**Ligging:**

1. Setlagole
2. Schweizer-Reneke
3. Bultfontein
4. Hoopstad



# Só toets kultivars vir warmer toekoms

Suiwerder kultivars, groter weerstand teen klimaatsverandering en 'n vinniger omkeertyd om nuwe kultivars goedgekeur te kry, is van die voordele wat groter samewerking in die grondboonbedryf tot stand kon bring.

Agter die skerms word kwaai gestoei om grondbone weer sy plek as een van die hoofoliesaadgewasse in Suid-Afrika te laat beklee en die land se status as uitvoerder van grondbone te laat herleef.

Dié bedryf kry die afgelope drie jaar meer aandag en goeie vordering is op die gebied van kultivarnavorsing, saadsuiwering en kultivarontwikkeling gemaak.

Dit is danksy die samewerking tussen die Suid-Afrikaanse Grondboon-assosiasie (Saga), die Landbounavorsingsraad (LNR), die internasionale gewasnavorsingsinstituut vir die halfdroë trope (ICRISAT) en vier grondboonverwerkers, wat ook by die Suid-Afrikaanse Nasionale Saadorganisasie (Sansor) as saadkwekers geregistreer is.

Die vier grondboonverwerkers is Roba Foods, waar grondboonproewe onder besproeiing by Setlagole in Noordwes aangeplant is; VGM, waar grondboonproewe by Schweizer-Reneke in Noordwes op droëland aangeplant is (hoewel dit in die 2023-'24-seisoen te droog was daar om die spesifieke proewe in ag te neem); SA Peanuts, wat grondboonproewe onder besproeiing by Bultfontein in die Vrystaat aangeplant het; en Qualita Seeds, wat grondboonproewe op watertafellandery by Hoopstad in die Vrystaat aangeplant het.

**TABEL 1** toon die gemiddelde opbrengs van die proewe.

## Behoefte in bedryf

"Die bedryf is al jare lank by 'n kruispad en daar is veral 'n behoefte aan nuwe en alternatiewe kultivars vir die plaaslike landbou wat vinniger beskikbaar gestel word. Almal wat betrokke is, is dit eens dat samewerking nou meer as ooit tevore nodig is om die algehele waardeketting te versterk," sê Adri Botha, voorsitter van Saga.

Die voorgenoemde belanghebbendes het drie jaar gelede 'n nie-winsgewende navorsingsgroep gestig omdat daar 'n behoefte was aan 'n platform waar grondboonsaadkwekers, -aankopers, asook -handelaars op plaaslike en internasionale markte bymekaar kon kom om knelpunte te bespreek.

Lourens de Kock, bestuurder van Roba Foods, grondboonboer van Stella in Noordwes en die sameroeper van die groep, sê sy groep is die enigste wat met die LNR en ICRISAT saamwerk.

Lourens sê hulle het besluit om ICRISAT te betrek, want hoewel dié internasionale instituut sy oorsprong in Indië gehad het, het hy 'n omvattende spoor in Afrika, waar hy grondboonlyne ontwikkel en plant wat vir die betrokke landbou-omstandighede geskik is.

"Die doel van die groep is om kennis, ervarings en knelpunte met mekaar te deel sodat ons grondboonkultivars en -saad kan verbeter en sodoende die produktiwiteit en volhoubaarheid van die grondboontbedryf kan verbeter. Die groep tree op in die belang van alle grondboonboere en die sekondêre sektore in Suid-Afrika, en almal sal kan deel aan moontlike suksesse," sê Adri.

## Kultivarsuiwerheid

Volgens Adri was die DNS-vingerafdrukprojek een van die eerste projekte waaraan die groepering saamgewerk het. Die projek konsentreer daarop om DNS-profiele van kultivars te skep om sodoende te help om die kultivarsuiwerheid te evalueer, veral omdat genetiese verskuiwings en vermenging oor jare heen kan plaasvind.

"Die aanvanklike klem was op Akwa, Anel, Kwarts en Sellie Plus, maar in die toekoms beoog die LNR om profiele ▸



Van links is Lourens de Kock, bestuurder van Roba Foods, asook sameroeper van die navorsingsgroep, Adri Botha, voorsitter van Saga, en Hector Lazarus, bestuurder van VGM-grondboonverwerkers en deel van die navorsingsgroep. *FOTO: SUZANNE VENTER*

**TABEL 1: Grondboonproewe, 2023-'24: Gemiddelde van vyf lokaliteite**

| Kultivar | Rand per ton pitte | Pitte/ha | Rand/ha |
|---|---|---|---|
| Sellie Plus | R21 450 | 3 869 | R83 041 |
| Anel | R20 978 | 3 924 | R82 358 |
| ICGV-SM 16613 | R20 944 | 3 769 | R78 726 |
| ICGV-SM 99556 | R21 183 | 3 605 | R76 125 |
| ICGV-SM 16608 | R21 182 | 3 595 | R75 941 |
| Gemiddelde | R21 147 | 3 752 | R79 238 |

## Só vaar nuwe lyne

Die tabel hierbo wys die gemiddelde resultate van vyf kultivars wat op vier verskillende plekke geplant is – Setlagole, Noordwes, onder besproeiing; Schweizer-Reneke, Noordwes, op droëland (die droogte het ál die aanplantings geknou); Bultfontein, Vrystaat, onder besproeiing; Hoopstad, Vrystaat, op watertafelgrond.

Die doel van die proewe is om nuwe kultivars wat in die tweede toetsfase is, met bestaande kultivars te vergelyk en dan nuwe lyne te identifiseer en bestaande kultivars te verbeter.

"Anel is een van die oudste grondboonkultivars wat in Suid-Afrika geplant word. Dit werk egter net in sekere gebiede, soos watertafelgronde in die Vrystaat. Nog 'n nadeel is dat sy pitvorm meer langwerpig is en nie homogeen nie," sê Lourens de Kock, sameroeper van die grondboonnavorsingsgroep.

Hy sê Sellie Plus is 'n kultivar wat sedert 2016 op die mark is. Hoewel dit goed vaar, is die nadeel dat dit nie goeie weerstand teen peulvrot het nie. Die pitte is ook geneig om te split tydens verwerking.

"Akwa en Kwarts word ook baie in Suid-Afrika geplant, maar het nie goed genoeg in die proewe gepresteer om die top-vyf te haal nie," sê Lourens.

Die drie nuwe lyne van ICRISAT het die afgelope twee jaar deurgaans uitgetroon bo die ander nuwe lyne wat getoets is.

"Dié drie lyne moet nog een jaar se proewe deurstaan. As hulle weer eens goed presteer, sal ons begin met die registrasieproses van een, twee of dalk al drie. Saad van die nuwe lyne behoort dan vir die 2026-'27-seisoen beskikbaar te wees."

◂ van alle nuwe kultivars saam te stel. Dit sal help om die suiwerheid van bestaande en nuwe kultivars in die toekoms beter te bestuur."

Lourens sê hulle is baie tevrede met die resultate. "Suiwer saad sorg vir beter gehalte en verseker eenvormige plante met dieselfde eienskappe, waarvolgens produksiebesluite, soos blaarbespuitings en die bepaling van volwassenheid vir die oesproses, gedoen kan word."

Hy sê die vier kultivars waarop hulle eerste konsentreer, is gekies omdat dit die meeste in Suid-Afrika aangeplant word.

## Nuwe kultivars

Die groep konsentreer ook daarop om nuwe kultivars te ontwikkel. "Dit word gedoen met behulp van plaaslike teelprogramme, asook kultivars wat van ander dele van die wêreld kom, maar potensiaal toon om goed by Suid-Afrika se klimaat en omstandighede aan te pas," sê Adri.

"Die moontlike nuwe kultivars gaan almal deur dieselfde evalueringsprosesse om vir aanpasbaarheid en weerstand of verdraagsaamheid vir blaarsiektes en plae getoets te word."

Kultivars wat deur al die proewe gaan en belofte toon, sal uiteindelik geregistreer en vermeerder word, en die saad sal dan aan Suid-Afrikaanse grondboonboere beskikbaar gestel word.

"Ons kyk na baie faktore voordat ons tot dié stap oorgaan. Potensiële nuwe kultivars moet eerstens 'n hoë opbrengs lewer, maar dan is daar ook ander faktore, soos dat dit 'n hoë olie-inhoud moet hê en droogtebestand en stabiel moet wees. Die ideaal is altyd om plante te hê wat nie wisselvallig is nie, maar deurlopend 'n sekere hoeveelheid pitte van 'n sekere grootte en vorm lewer," sê Lourens.

Hulle is baie opgewonde oor die nuwe kultivars wat tot dusver deur die proewe is.

## Aanbevelings vir 2024-'25-seisoen

Kenners is versigtig optimisties oor die 2024-'25-seisoen, aangesien die weersomstandighede vir grondbone gunstiger as in die 2023-'24-seisoen lyk.

Adri sê die 2023-'24-seisoen het gemengde resultate gelewer omdat die droogte sommige boere benadeel het, hoewel daar tog boere is wat reën gekry en baie goeie opbrengste behaal het.

Volgens die Nasionale Oesskattingskomitee en die Suid-Afrikaanse graaninligtingsdiens (Sagis) se data was die totale oes van die 2023-'24-seisoen 51 745 ton vanaf 41 200 ha. Vir die 2024-'25-seisoen is die plantvoorneme tans op 40 000 ha.

"Boere in Noordwes en die Vrystaat het heelwat aanplantings gedoen en die jong plantjies benodig nou dringend reën," sê Lourens.

Adri en Lourens het die volgende aanbevelings vir grondboonboere:

- Koop saad by geregistreerde saadmaatskappye.
- Praat met saadverskaffers om seker te maak die saadgehalte is goed en luister na aanbevelings oor die kultivar om 'n goeie opbrengs te kan behaal.
- Hoewel grondbone in die algemeen goed vaar in droogte, bly dit belangrik om seker te maak dat jy die regte kultivar vir jou omstandighede kies en dit op die regte tyd plant. Die optimale benutting van beskikbare water by besproeiing is belangrik.
- Grondgesondheid is deurslaggewend vir 'n goeie oes en moet daarom gereeld gemonitor word. Die nodige wysigings moet gemaak word om weerstand teen siektes te verbeter.
- Wees bewus van die voordele wat ander gewasse kan kry uit 'n rotasie-aanplantingsplan met grondboontjies, en tref voorsorg om die siekterisiko's te beperk.
- Wees goed ingelig oor die graderingsvereistes en praat met jou aankoper om verwarring te voorkom. **LBW**

**TABEL 2: Grondboonproefresultate, 2023-'24 (Setlagole)**

| Kultivar | Rand per ton pitte | Pitte/ha | Rand/ha |
|---|---|---|---|
| ICG-12991 | R21 783 | 4 371 | R95 211 |
| ICGV-SM-1514 | R21 870 | 4 215 | R92 192 |
| Gemiddelde | R21 826 | 4 293 | R93 702 |

### Teling van nuwe kultivar duur 16 jaar

Twaalf nuwe lyne van die internasionale navorsingsinstituut vir gewasse in die halfdroë trope (ICRISAT) is ook in die 2023-'24-seisoen geplant en die twee lyne wat in **TABEL 2** hierbo getoon word, was die toppresteerders.

Lourens de Kock sê hulle kry gewoonlik sowat 300 pitte per lyn of moontlike nuwe kultivar wat geplant word met die doel om saad te vermeerder vir lokaliteitsproewe in die daaropvolgende jaar, maar dan word prestasie ook reeds geëvalueer en aangeteken.

"In die 2023-'24-seisoen het ons ál twaalf die lyne onder besproeiing by Setlagole, Noordwes, geplant. Die vier beste presteerders waarvan die voorkoms van die pitte goed lyk, gaan in die 2024-'25-lokaliteitsproewe in die vier verskillende toetsareas in Noordwes en die Vrystaat geplant word. Die toppresteerders van die 2024-'25-lokaliteitsproewe sal dan vir registrasie oorweeg word."

Die teling van nuwe kultivars, spesifiek vir Suid-Afrika, is baie belangrik. Buitelandse kultivars kan nie sonder meer gebruik word nie. Die teling van 'n nuwe kultivar duur nagenoeg 16 jaar.

Die nuwe kultivars van ICRISAT wat getoets word, is reeds deur die 16 jaar lange proses van die instituut.

Die plaaslike toetsproses duur gewoonlik twee jaar, waarna besluit word oor geskikte kultivars vir registrasie.

Daar kan reeds binne een jaar ná registrasie saad beskikbaar wees vir die plaaslike bedryf.

NAVRAE: Adri Botha, , **082 376 5940**, e-pos: **sagroundnutassociation@gmail.com**; Lourens de Kock, **083 298 1511**.